GOD WIL JOU SEEN

God is 'n God van seëninge. Ons leer Hom so ken op die pad wat Hy met mense stap.

Hy het al in Numeri vir Aaron en sy seuns gesê om die volk te seën met die woorde:

Die Here sal jou seën en beskerm, die Here sal tot redding verskyn en jou genadig wees, die Here sal jou gebede verhoor en jou vrede gee.

Mag jy geseën wees in 2012 omdat 'n God van genade met jou is - al gebeur wat ookal op jou pad. Sy seën hou vir jou in dat Hy elke dag saam met jou op reis is. Geseënd is elkeen wat weet hoe afhanklik hulle van God is, het Jesus gesê.

God se seën sal egter ook deur jou na ander deurvloei. So sal ons nie net leef as geseëndes nie maar ander sal deur ons God se seën beleef. Mag jy beleef hoe Jesus jou na Hom trek en vul met die seën van Sy vrede en seën.

Dr. Marius Johnson